

17 November

Skrifgedeelte: Lukas 17:3-6 (OAV)

Fokusgedeelte: Lukas 17:6

Geloof: per kilogram of per dosyn?

Ontvang 'n mens geloof per kilogram of per dosyn? Dit klink na 'n absurde vraag. Tog – as mens die geloof beskou as iets wat *dood* is (soos die dissipels in die bostaande Skrifdeel) is die vraag hierbo nie so absurd nie.

Die dissipels het nie kans gesien om sewe keer 'n dag te vergewe nie; daarom vra hulle van die Here “meer” geloof. Die antwoord van die Here maak dit duidelik dat die dissipels se begrip van die geloof *verkeerd* is. Geloof is nie 'n dooie ding wat jy per kilogram of per dosyn kan ontvang nie. Dit is intendeel iets wat *lewe*, soos 'n mosterdsaad: “As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad...” Let wel: nie geloof “so groot soos” 'n mosterdsaad nie, maar bloot: “geloof soos” (in die sin van “op die *geaardheid* van”) 'n mosterdsaad.

Die mosterdsaad is kleinste van al die soorte saad (Matt 13:31-32), maar die aangrypende wonder van *lewe* is daarin opgesluit! As dit in die grond gesaai word, *groe* dit tot 'n groot boom. In daardie groeiproses kom só 'n krag los dat dit rotse kan skeur en mure kan kraak!

So 'n *lewende* geloof skenk God aan sy kinders deur sy Woord en Gees, op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. Met die lewende geloof kan ons “bome ontwortel” en “berge versit”!

Bid dan die Here nie om *meer* geloof nie, maar om 'n *sterker* geloof; geloof waardeur *wonders* verrig kan word tot uitbreiding van Gods koninkryk. *Versterk* daardie geloof deur gereelde Skriflesing en gebed, deur troue kerkgang en nagmaalsgebruik.

Jy sal verwonderd staan voor die krag van jou geloof!

Sing: Skrifberyming 27:1,4 Dr J Visser (Emeritus)